

Wiskunde-opknapkursus 2019

1. Alle inligting is beskikbaar by <https://goo.gl/FQhbQ6>.
2. Maandag 14 Januarie, voortoets
 - Meld 16:00 (**15:30 indien enigsins moontlik!**) aan in die lokale soos aangedui (lys onderaan).
 - Skryf toets (1.5 ure, multikeuse).
 - Benodig pen, potlood (verkieklik HB) en uitveër. Geen sakrekenaar.
 - Sal 17:45 klaar wees.
 - Studente gaan inskryf vir die programme op die lys, moet die toets skryf.
 - Toets is 'n siftingstoets om te bepaal wie verplig is om die kursus by te woon. Almal wat minder as 80% vir die toets behaal het, is verplig om die kursus by te woon. Enige iemand anders mag die kursus bywoon. Indien 'n student later besluit dat hy/sy wil inskryf vir een van die programme op die lys, kan hy/sy net aanmeld vir die kursus. Kontak enige van die betrokke dosente (sien inligtingstuk).
 - Uitslae van die toets sal Woensdagoggend 16 Januarie op die kennisgewingborde van E8 en elektronies by <https://goo.gl/FQhbQ6> beskikbaar wees.
 - Toets is 'n diagnostiese toets wat die studente se verstaan van Wiskunde toets.
3. Lokale E8: alle engelsprekende studente – G34; Ingenium – G42; Scientae- G01; Ad Vivendum – K41; BSV – K40; Viviente – K40; Cuvinte – G01; Educo – G41; alle ander K40
4. Studente deur Toelatingskantoor of Fakulteitsbestuurders aangesê om die kursus te doen met die oog op toelating
 - Sal 'n (elektroniese) skrywe of mondelingse opdrag van die betrokke Fakulteitbestuurder ontvang om die kursus te doen ten einde toelating tot 'n bepaalde program te kry.
 - Die punt wat hierdie studente vir die natoets moet behaal, sal ook aan hulle gestel word. Dit verskil van program tot program.
 - Hierdie studente behoort dus te weet dat hulle die kursus moet bywoon en hoeveel hulle vir die natoets moet kry.
5. Dinsdag 15 Januarie
 - Sessie verpligtend vir alle studente.
 - Registreer vir die kursus.
 - Werkboeke word uitgedeel.
 - Eerste werksessie.
6. 16, 17, 18, 19, 22, 23, 24, 25 Januarie
 - Bywoning is verpligtend soos aangedui by uitslae van voortoets.
 - Presensie sal tydens alle sessies geneem word.
 - Daar sal streng by die tye volgens die R&O-program gehou word.
 - Studente moet verkieslik vroeg gaan slaap vir die duur van die kursus om te verseker dat hulle die meeste uit die kursus kry as wat moontlik is.
7. 26 Januarie, natoets
 - Verpligtend vir alle studente wat vir die kursus geregistreer is.
 - Meld 14:00 aan in dieselfde lokale waar kursus bygewoon is.
 - Bring potlood (HB) en uitveër saam. Multikeuse toets van 'n uur en 'n half.
 - Behoort 15:30 klaar te wees.
 - Toetsuitslae sal Maandagmiddag 28 Januarie op die kennisgewingborde van E8 en elektronies by <https://goo.gl/FQhbQ6> beskikbaar wees.
 - Behalwe vir studente wat verplig is om die kursus te doen ten einde toelating tot sekere programme te verkry, het die uitslae van die toets geen gesag in die sin dat iemand wat die toets druipt, toegang tot 'n program wat hy/sy reeds voor geregistreer het, geweier kan word nie. Dit gee slegs vir studente 'n aanduiding van waar hulle staan met hul Wiskunde. Indien hulle wel sleg gevaar het in die toets, moet hulle mooi gaan besin waarom en of hulle vir die regte program ingeskryf is.
 - Studente wat laat inskryf vir of oorskakel na programme op die lys en nie die kursus bygewoon het nie, moet deur die loop van die semester ekstra moeite doen om te verseker hulle bybly met die werk en betyds by dosente aanklop vir hulp.
8. Doel van kursus
 - Eerstejaars te help om hulle Wiskunde te slaag. Hulle sukkel want die tempo is vinnig, die werk is baie en daar is nie so baie hulp beskikbaar soos op skool nie.
 - Werk soos op skool word hersien en nuwe begrippe word behandel. Hierdie begrippe word weer deur die loop van die jaar gedoen, maar dan kan hulle dit makliker begryp omdat dit reeds tydens die kursus bekend gestel is.
9. Implikasies vir studente wat Wiskunde in hul eerstejaar druipt.
 - MTHS111/121 is 'n voorvereiste vir baie ander vakke, veral studente wat Chemie, Biochemie, Fisika, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Statistiek het en Ingenieurstudente. Hierdie studente se studietyd word met ten minste 'n jaar verleng indien hulle hul Wiskunde druipt. In die geval van Ingenieurstudente, kan hulle net met twee modules aangaan in hul tweedejaar indien hulle hul Wiskunde druipt. **DIT IS BAIE BELANGRIK DAT HULLE HUL WISKUNDE DIE EERSTE KEER SLAAG.**

Studente wat toegelaat is tot die volgende programme moet die opknappingskursus bywoon:

- Fakulteit Ingenieurswese (ASV Ingenium) (E8 G42, English E8 G34)
 - Chemies (7CG K01 - I421P)
 - Chemies en Mineraalprosessering (7CG K02 - I422P)
 - Elektries en Elektronies (7CN K01 - I423P)
 - Rekenaar en Elektronies (7CH K01 - I424P)
 - Elektromeganies (7CL K01 - I425P)
 - Meganies (7CJ K01 - I426P)
 - Bedryf (7CK K01 - I427P)
- Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
 - ASV Scientae (E8 G01, English E8 G34)
 - Chemie en Fisika (2FF H05 - N301P)
 - Chemie, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (2FF H22 - N301P)
 - Fisika en Wiskunde (2FF H23 - N301P)
 - Fisika en Toegepaste Wiskunde (2FF H24 - N301P)
 - Fisika en Rekenaarwetenskap (2FF H25 - N301P)
 - Rekenaarwetenskap en Statistiek (2FF H26 - N301P)
 - Rekenaarwetenskap en Wiskunde (2FF H09 - N301P)
 - Rekenaarwetenskap en Ekonomie (2FF H28 - N301P)
 - Wiskunde en Ekonomie (2FF H29 - N301P)
 - Geografie en Toegepaste Wiskunde (2FF H30 - N301P)
 - Statistiek en Wiskunde (2FG H02 - N301P)
 - Wiskunde (2FG H01 - N301P)
 - Kwantitatiewe Risikobestuur (2FT H01 - N301P)
 - Finansiële Wiskunde (2FS H01 - N301P)
 - Bedryfsanalise (2FR H01 - N301P)
 - Aktuariële Wetenskap (2FQ H01 - N301P)
 - Inligtingstechnologie en rekenaarwetenskap (2DX H01 - N302P) indien MTHS111 neem
 - ASV Ad Vivendum (E8 K41, English E8 G34)
 - Biochemie en Chemie (2FF H06 - N301P)
 - Mikrobiologie en Biochemie (2DK H11 - N301P)
 - Plantkunde en Biochemie (2DK H02 - N302P)
 - Dierkunde en Biochemie (2DK H07 - N302P)
 - Chemie en Fisiologie (2DK H06 - N302P)
 - Mikrobiologie en Chemie (2DJ H10 - N301P)
 - Plantkunde en Chemie (2DJ H03 - N302P)
 - Dierkunde en Chemie (2DJ H04 - N302P)
 - Geologie en Chemie (2DJ H07 - N302P)
 - Geografie en Rekenaarwetenskap (2DJ H14 - N301P)
 - ASV BSV (E8 K40, English E8 G34)
 - Stads- en Streekbeplanning (2FE K01 - N401P)
 - Fakulteit Gesondheidswetenskappe (ASV Viviente) (E8 K40, English E8 G34)
 - Fisiologie en Biochemie (8DJ H01 - G301P)
- Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (ASV Cuvinte) (E8 G01, English E8 G34)
 - Enige BA met Wiskunde as keusevak
- Fakulteit Opvoedkundingswetenskappe (ASV Educo) (E8 G41, English E8 G34)
 - BEd Snr/VOO met Wiskunde as 'n spesialisasie vak (4BN J01/03/04/07/08/13/14)
 - Bed Snr/VOO Meganiese, Elektriese en Siviele Tegnologie-onderwys (4BN J17/18/19)
- Studente deur Toelatingskantoor of Fakulteitsbestuurders aangesê om die kursus te loop met die oog op toelating. (E8 K40, English E8 G34)